

2 Junie

Skrifgedeelte: Esegïel 42:1-43:12

Fokusgedeelte: Esegïel 43:4-5

In God se teenwoordigheid is daar 'n nuwe toekoms

Die oordenking van 25 April het gewys hoedat Esegïel in 'n visioen gesien het hoe die heerlijkheid van die Here die tempel verlaat het. Dit het aangedui dat die simbool van God se teenwoordigheid sy waarde verloor het weens die sonde van die volk. Daarom kon die tempel maar verwoes word. In die gesig aan die einde van die boek sien Esegïel 'n herstelde tempel. Dit was 'n wonderlike gebou met pragtige versierings. Sonder God bly dit egter maar net 'n leë gebou. Die aankondiging van die nuwe tyd van genade wat gaan aanbreek, het as hoogtepunt die terugkeer van die heerlijkheid van die Here na die tempel. Die tyd van oordeel is verby. Die volk het die straf op hulle sonde ontvang, maar nou kom daar 'n heerlike nuwe toekoms vir die volk saam met God. Hy gaan weer in hulle midde woon en hulle gaan weer sy volk wees. Die simbole van ons godsdiens (soos die doop en die nagmaal) het besondere waarde, maar alleen wanneer dit reg gebruik word. Wanneer ons lewe getuig van 'n lewende verhouding met God, voed die sakramente ons geloof. Sonder die lewende geloof is hulle egter leë gebruike wat eintlik teen ons sal getuig. In 'n tyd waar baie dinge onseker is, kan ons weet dat God altyd deur sy Gees by ons is. Met Hom kan ons elke dag die toekoms met vertroue ingaan, want sy teenwoordigheid is ons waarborg vir 'n heerlike toekoms met God.

Sing: Psalm 48:1

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)